

hier, met weglating van *g* en *v*, klinken als : *morre aand*.

Eigenaardigheden, die 't Afrikaansch met de Hollandsche volkstaal gemeen heeft zijn 't weglaten der *h* aan 't begin en der *t* aan 't eind van vele woorden, terwijl een *t* weder achter vele woorden gevoegd wordt, waar die volstrekt niet behoort.

Maar ik vrees, dat, als ik zoo nog langer voortging, ik zelf van diegenen van mijn gehoor, die mij verstaan en volgen kunnen, te vervelend en schoolmeesterachtig zou worden. Ik zal dus de Landstaal niet in hare andere veelvuldige eigenaardigheden beschouwen; ik zal niet--'t geen anders op zichzelf reeds eene aardige studie zou opleveren—er op wijzen, hoeveel overeenkomst er nog in 't gebruik van vele woorden en uitdrukkingen bestaat tusschen de taal die thans hier gesproken wordt en 't Hollandsch der 17de en 18de eeuw, de tijd, waarin de Kaap van Holland uit gekoloniseerd is geworden, zoodat uitdrukkingen die men in Holland niet meer hoort, maar alleen in de schrijvers van dien tijd vindt, hier nog volkomen gangbaar zijn (Ik noem slechts enkele benamingen van overheidspersonen als Landdrost, veldkornet uit den tijd der Republiek; vele namen van munten, 't gebruik van juffr uw van 't Holl. Mevrouw, tabbaard voor: kleedje of japon. enz.). Ik zal niet wijzen op de vele scheepstermen, welke in de taal voorkomen, hier door de Hollandsche matrozen gebracht, welke het verkeer tusschen moederland en kolonie onderhielden of ook wel zich hier vestigden en zelve kolonisten werden en alzoo hunne eigenaardige uitdrukkingswijze hier inheemsch maakten. Als zoodanig noem ik slechts: kombuis voor 't Hollandsche keuken, baatje, onderbaatje voor jas en vest, Spaanschspek voor meloen, enz. Ik zal niet wijzen op geheel onhollandsche woorden, van Maleisch of andere

talen ontleend, noch op het belachelijk misbruik, dat in de steden of dorpen veel voorkomt, om Engelsch en Hollandsch op de vreemdsoortigste wijze te vermengen en door een te haspelen, zooals b. v, wanneer dames, die elkander willen mededeelen dat zij op een partijtje veel genoeg en gehad hebben, dat doen door te zeggen : ons het ons toch zoo "geënjoy," of indien zij willen te kennen geven, dat zij een wandeling gemaakt en daarna bij eene dame van hare kennis een bezoek gebracht hebben ; dan te zeggen : ons het eerst "gewalk" en toen "gecall" op Mrs. zoo en zoo," eene taal, die een waren Hollander de haren te berge doet rijzen. Dit alles zal ik ditmaal daarlaten.

Alleen wensch ik nog even aan te stippen dat het voor iemand, die met alle deelen van Zuid-Afrika goed bekend is, eene nuttige en belangrijke zaak zou zijn, ons eens in te lichten omtrent het verschil in taal en spreekwijzen in de verschillende deelen van dat uitgestrekte gebied, om zoo de vraag op te lossen, in hoe ver de Zuid-Afrikaansche taal één kan genoemd worden. Ik voor mij heb uit den aard der zaak slechts een zeer beperkt veld van waarneming. Misschien is het alleen daaraan toe te schrijven, dat ik den indruk ontvangen heb, dat er bij andere talen vergeleken, verwonderlijk weinig verschil van dialect, eene verwonderlijk groote overeenkomst van uitspraak, van vormen, van eigenaardige spreekwijzen en uitdrukkingen bestaat. Wanneer ik b. v. den staat van zaken in 't kleine Holland neem, dan zie ik, dat bijna ieder dorp, en zeker iedere stad verschil van dialect vertoont, dat een Hollandsche boer eene Gelderschman nauwelijks verstaan kan en dat er in 't Noorden een dialect gesproken wordt, dat voor iederen Hollander volkomen onverstaanbaar is en dan ook nader bij 't Engelsch dan bij 't Hollandsch staat ; ik bedoel het Friesch, nauw verwant aan de taal der Angelen en Saksers,

de overwinnaars der oude Britten. Wanneer ik zooveel verscheidenheid in zulk een engen kring vergelijk met den toestand in zoover uiteenliggende landstreken als b. v. de Kaapstad en de Transvaal, dan komt het mij voor, dat ik wel recht heb mij over 't betrekkelijk geringe verschil van dialekt te verbazen, zelfs al neem ik de geheel verschillende historische gegevens daarbij in aanmerking, en al bedenk ik, dat, nog nauwelijks veertig jaren geleden de bevolking van Vrijstaat en Transvaal zich nog binnen de grenzen der Kolonie bevond. Maar toch verschil bestaat er; zelfs ik kan dit duidelijk waarnemen, wanneer ik de taal van een zoogenaamden Bovenlander het Kaapsch-Hollandsch met die van den Vrijstaatschen boer vergelijk: 't zou waarschijnlijk de moeite loonen, de punten van overeenkomst en verschil na te gaan, op te teekenen en op die wijze als het ware de geographische kaart der Zuid-Afrikaansche taal te ontwerpen.

Maar ook dit slechts in 't voorbijgaan, als een wenk aan meer bevoegden. Ik heb mij slechts ten taak gesteld 't Hollandsch gelijk het hier gesproken wordt met de Hollandsche moedertaal te vergelijken en aan te toonen, dat men 't eerst genoemde bepalen kan als een Hollandsch, dat eenvoudigheidshalve de grammatische vormen die nog aan de moedertaal eigen waren, heeft afgeschaft, of liever, zonder grammatische of litterarische tucht, aan zich zelve overgelaten, die vormen langzamerhand heeft zien inkrimpen, afslijten en ten slotte nagenoeg geheel verloren heeft.

Naarmate wij een juister begrip van taal hebben, zullen wij deze taal daar te minder hard om vallen, omdat wij dan hebben leeren inzien, dat de zoogenaamde grammatica volstrekt niet eene zoo absoluut bindende kracht heeft, als wij ons verbeelden, toen wij op de schoolbanken zaten, dat die grammatica zich ten slotte als eene gehoorzame dienaress heeft.

te richten naar het zich onophoudelijk, zij het dan ook voor ons nauwelijks merkbaar wijzigend spraakgebruik, dat, de taal een vloeiende steeds bewegelijke, levende zelfstandigheid is ; naar de schoone vergelijking van Max Müller, een stroom, die wel op de oppervlakte bevroren is en dus vast en onbewegelijk schijnt, maar niettemin onder den ijsvloer voortstroomt en, eindelijk het dwangjuk verbrekend, ons plotseling doet zien, dat het eene levende, bewegende massa was, wat wij voor eene doode, onbewegelijke stof aanzagen, en spot met de nauwkeurige regeltjes en formuleetjes, waarin wij haar op schoolsche wijze wilden dwingen en binden ; of wel, eene plant, die, de eigenaardige wet van haren groei en hare ontwikkeling volgend, mogelijk wel eenigzins door menschen kunst geleid en gesnoeid, doch niet naar individueele willekeur kan gedwongen of veranderd worden.

Hiermede is dan die plaats bepaald, die de Landstaal, uit een taalwetenschappelijk oogpunt beschouwd, tegenover de Hollandsche moedertaal inneemt.

Maar beschouwt gij de Landstaal dan werkelijk, zoo hoor ik iemand vragen, als eene taal, die verdient onder de overige talen als eene afzonderlijke taal op te treden, naast en tegenover het Hollandsch ? Mijn antwoord is : voor het tegenwoordige zeker nog niet. Maar zal het dan in de toekomst zoo zijn ? Ik zou kunnen volstaan met op die vraag te antwoorden, dat ik niet behoor tot hen, van wie de Apostel Paulus melding maakt, die in de Gemeente opstaan om te profeteeren. De gave der profetie is mij onthouden. Toch wil ik eene poging wagen tot eene zoo niet rechtstreeksche, dan toch zijdelingsche beantwoording dier vraag en in korte trekken schetsen, aan welke voorwaarden m. i. eene taal moet voldoen, wil zij eene eigene plaats in de rij der talen gaan.

innemen. Aan uw eigen oordeel wensch ik dan de conclusie over te laten, in hoeverre het waarschijnlijk kan genoemd worden, dat de Landstaal ooit aan deze voorwaarden zal kunnen voldoen.

Schenkt mij daartoe nog enkele oogenblikken uwe welwillende aandacht.

Er bestaat een Nederlandsche spreuk, die zegt " *de taal is gansch het volk.*" Die spreuk blijft waar, wanneer men haar omkeert en zegt: " *het volk is gansch de taal*" d. w. z. waar een *volk*, eene *nationaliteit* is, daar zal eene *taal* zijn. De begrippen taal en letterkunde aan de ééne, het begrip nationaliteit aan de andere zijde hangen ten nauwste, ik zou zeggen, onverbreekbaar samen.

Zoolang de nationaliteiten nog niet uiteenloopen, niet ieder haren eigen ontwikkelingsgang volgen, zoolang kan er van eene afzonderlijke taal zelfs geen sprake zijn; eerst dan verdient eene taal als zoodanig aangemerkt te worden, wanneer zij op eene eigene letterkunde kan wijzen, waarin zich een nationaal bewustzijn, afspiegelt, verschillend van die nationaliteit, waaraan zij haren oorsprong te danken heeft. Zoolang zich nog niet zulk eene eigene letterkunde gevormd heeft, zolang de wordende natie nog voor het uitspreken van haar bewustzijn bij het moedervolk moet te markt gaan en daarvan alles ontleenen, is dit een bewijs, dat het nationaal bewustzijn nog niet krachtig genoeg ontwikkeld is om het aanzijn te geven aan eene nieuwe beschaving en eene nieuwe taal. Is daarentegen die voorwaarde van een krachtig eigen leven vervuld, dan zien wij als van zelve mannen optreden, die den moed hebben van dat nieuwe leven getuigenis te geven in een nieuwen vorm en eene nieuwe taal wordt geboren.

Dit is de gang van zaken, dien wij bij 't ontstaan der Eng. taal en letterkunde waarnemen. De Normandische overwinnaars zagen op 't

ruwe Saksisch neder met al den trots van hoogere verfijning en de laatdunkendheid van den veroveraar. Desniettemin school er in dat verachte Saksisch een levenskracht, die bestemd was weldra den veroveraar op zijne beurt te veroveren en toen, als het ware in het duister, de nieuwe beschaving en de nieuwe taal zich hadden gevormd, toen trad Chaucer op en met hem vangt eene litteratuur aan, die, niet langer weêrhouden door minachting of spot, weldra de bewondering van alle toekomstige eeuwen zou zijn.

Dit is ook de gang door het Nederlandsch in zijne oorsprong en eerste ontwikkeling gevolgd. Omstreeks het midden der 12de eeuw waren de Nederlanders in zeden en gewoonten, in beschaving en taal nog Duitschers. Toen de Vlaamsche steden plotseling door handel en nijverheid eene ongekende vlucht namen, toen eerst begon zich een van het Duitsche niet langer afhankelijk eigenaardig nationaal leven te ontwikkelen en als voertuig van dat leven eene eigene taal en letterkunde. Met de nationaliteit, gij ziet het, ontstond in beide gevallen de taal en letterkunde. Daarom zeg ik ook ten opzichte van de Landstaal: Eerst dan, wanneer er eene krachtige, zich zelf bewuste Afrikaansche nationaliteit zal zijn, met eene eigenaardig nationale ontwikkeling en beschaving, dan eerst ontstaat de mogelijkheid, eener eigene Afrikaansche taal en letterkunde. Op het oogenblik zijn wij daarvan, voor zoover ik zien kan nog ver af. Wel hebben zich in den laatsten tijd teekenen voorgedaan, die op 't ontstaan in Zuid Afrika van een nationaal bewustzijn wijzen; de Afrikaan, onverschillig of hij tot de Kolonie, tot Natal, tot den Vrijstaat of tot de Transvaal behoort, gevoelt zich Afrikaan, gevoelt dat Zuid Afrika zijn vaderland is, evenals in de eerste helft dezer eeuw, de Pruis, Sakser, de Hes, de Thuringer en de Zwaab gevoelde, dat zijn vaderland grooter

zijn moest en dat Duitschland één behoorde te worden. Maar dat streven, die beweging is nog slechts in het begin ; het is nog niet genoegzaam gebleken, of het werkelijk uit den boezem der bevolking haren oorsprong neemt en in het hart van het volk leeft, niet slechts in het hoofd van staatslieden en dagbladschrijvers. En toch, krachtig en onuitroeibaar moet het in het hart van het volk leven, wil het met eenige kans op eindelijke overwinning de worsteling aanvaarden voor het bestaan, die de wet des levens is. De vijand is nooit ver. Al dadelijk moet het den strijd openen tegen beide sinds lang gevestigde machten, die het hunne taal en hunne letterkunde zoeken op te leggen : het Hollandsch en het Engelsch ; het Hollandsch, machtig door dat het de taal is der gevestigde Kerk, door dat de Bijbel in die taal wordt gelezen, en het Evangelie daarin verkondigd wordt ; het Engelsch, machtig door dat het den Afrikaan overal in het leven ontmoet, hem van alle kanten omgeeft, zoodra hij zijne eenzame plaats verlaat en hem letterlijk dwingt het te gaan beoefenen, het te verstaan en te spreken. Twee zoo machtige invloeden, waarin ieder een eigene, hooge beschaving vertegenwoordigt, te bestrijden en te overwinnen, zal zeker geen geringe taak blijken voor het jeugdige Afrikaansche element, aan welks beschaving nog slechts de eerste hand wordt gelegd en welks levenskracht nog niet op de proef gesteld is. En toch zal aan die voorwaarde voldaan moeten worden, zal de voorspelling vervuld worden, die ik onlangs* door President Burgers hoorde doen en hier eenmaal eene taal worden gesproken, die noch Hollandsch is, noch Engelsch, maar Afrikaansch !

Zouden wij het dan voor onmogelijk verklaren ? Dat zij verre. Zoo dikwijls zien wij in

* Dit werd gezegd in Mei, 1875.

het leven en in de geschiedenis werkelijkheid worden, wat ons onwaarschijnlijkst dacht. Misschien is voor Zuid-Afrika eene groote toekomst weggelegd. Is het dan onmogelijk te noemen dat nog eenmaal, na verloop van eeuwen misschien eene eigen beschaving verrijse, die op taal en letterkundig gebied de schoonste vruchten voortbrengen zal?

Van eene zaak mogen wij ons echter overtuigd houden. Alles zal afhangen van de levenskracht der nationale beweging, die zich begint te openbaren.

Willen wij dus een eigen onafhankelijk volksbestaan, eene eigene taal, eenmaal misschien eene eigene letterkunde van Zuid-Afrika, dan rust op ons de dure verplichting, om, tegenover machtigen vreemden invloed, die nationale beweging te steunen en te beschermen, dat nationaal bewustzijn te koesteren en aan te kweeken, het nationale leven met alle ons ten dienste staande middelen te bevorderen en te handhaven.

Mocht tot het vestigen dier overtuiging deze voordracht over de Landstaal iets hebben bijgedragen.

J. BRILL.

'n Paar opmerkings sal wel ni as ongepas beskoud worde ni.

1. Na so'n taal fan Afrika's grootste taalgeleerde sal dit wel ni langer nodig wees om notisi te neem fan di teenstanders wat in dwase onferstand folhou dat Afrikaans gen taal is ni of 'n Hotnotstaal is.

2. Di *Express* fan 30 Mei 1875 seg fan di fooredlesing :

"Ll. Donderdag avond vervulde Dr Brill in het stampvolle Stadhuis alhier, de eerste spreekbeurt, over de Landstaal. Voor een gemengd gehoor op te treden, waaronder de meesten wel het Afrikaansch, niet het zuiver Hollandsch goed verstaan, was waarlij genee

gemaklike taak, en nog wel een onderwerp te behandel, dat, als van self spreek, droog en dor moet voorkom aan een uitgelezene menigte van de dames en heeren, die zijn opgekomen om zich een avondje te gaan amuseren.

‘Op welsprekende wijze wist Dr. Brill de groote schaar als aan zijne lippen te doen hangen; men kon een speld hooren vallen, en ofschoon welligt enkele hoorders niet alles hebben verstaan, en daardoor voor ironie of spot hebben opgevat wat nimmer aldus door spreker bedoeld was, kunnen wij het volmondig getuigen dat het geheel auditorium ten volste voldaan was, en dat het ons zeer spijt dat wij door plaatsgebrek geen vollediger verslag van de belangrike redevoering kunnen geven.’

3. Dis opmerklik dat Dr. Brill in syn inlyding duidelik lat uitkom dat Hollans groten deels onferstaanbaar is fer ’n Afrikaanse gehoor, wat ook deur die *Express* erkend word.

4. Dr. Brill syn opmerking is juis, daar is ’n bisondere eenformighyd in di landstaal fan Kaap tot Transfaal; ferskil fan spreekwoorde bestaat daar, mar ni fan taalforme ni.

5. O’er di optreding fan Afrikaans as selfstandige taal moet di anmerking fan Dr. Brill gelees worde met inagneming dat dit geseg is foor di Afrikaanse taalbeweging, gelyk hy skryf in ’n brief d. d. Bloemfontein 2 April 1879: “Alleen wensch ik er op te drukken, dat zy (de lezing) vier jaren geleden is gehouden en dus dagteekent van vóór den tyd, dat de Afrikaansche taalbeweging zulk eene vaart genomen heeft. In een historisch overzicht kan zy echter misschien nog op hare plaats zyn.”

6. Ferder spreek di lesing fer sig self. Alleen wil ons met alle beskydenhyd anmerk, dat Dr. Brill nog by Afrikaanse woorde di *z* gebruik, terwyl ons meen dat di Afrikaner dit as *s* uitspreek; ferder dat hy di foorsetsel *fer* ni onderskyf fan *foor*, bywoord en foorsetsel fan tyd en plaas.

en di *fer* word ni gebruik “waar het folstrekt niet te pas komt,” mar wys dikwils di objek an waarop di werking fan bedrywende werkwoorde o’ergaat, nes di Hebreus ook ’n foorsetsel het, en dit dikwils waar dit in Hollans ni te pas kom ni, byv. “Piet slaat *ver* Jan.”

7. Dis wel wenselik dat Dr. Brill weer an di publiik op een of ander maniiir syn latere waarnemings o’er di landstaal medeel.

GESKIDENIS FAN JOSEF.

As ’n middel tot foorberyding fan di Afrikaanse taal moet ons nog wys op ’n boek fan 36 bladsye, gedruk by Smuts & Hofmeyr, en uitgegê by N. H. Marais, getitel : “Die Geskiedenis van Josef voor Afrikaanse Kinders en Huis-souwens, in hulle eige Taal geskrywe deur een Vrind. 1 Cor. 14 : 6.” Di *anlyding* tot di uitgaaf fan di boeki blyk uit di follende uittreksel uit di foorrede :

“Nou lees di kinders fan mense wat vroe’er mensvreter was, en wat in die Groote Stille Zuidzee woon, op hulle skool ook die geskiedenis van Jozef net soo goed, as die kinders wat in beskaafde lande, soo as Holland, England, Duitsland, enz., woon. Elk een in syn eige taal. In Afrika is ook banja van die boekies, maar in die meeste kom sulke hoeë worde voor, dat die Afrikaanse kinders dit nie goet kan verstaan nie. En daarom moet daar tog ver hulle ook “Eén Geskiedenis van Josef” in hulle taal geskrywe worde. Nou was daar een vrint van myn wat myn gevra het, dat ek moet probeer, om ver die Lammertjes van Christus syn kerk, wat in Zuid Afrika, woon, ook soo’n boekie te maak, en daarom het ek ook geperbeer. En als die boekie ver myn Afrikaanse vrindjes nou aangenaam is, dan sal ek, as God myn die l we spaar nog meer mooi stories in hulle taal skrywe.”

Dat di doel foorberydend was blyk ook uit di follende paar sinne uit di Besluit :

“As julle die geskiedenis wil nalees in die Bybel kan julle die vinde in die boek Genesis van die 37ste kapittel af. Daar staan die storie ook byna mooier geskrywe as hier in deuse boekie. Maar daar die Bybel *Hoog-Hollans* is sal myn kinders dit misskien nie soo goed kan verstaan nie. Nou wil ek ver julle een ding vra en dat is: As julle bid dan moet julle ook meteens aan onse liwe Heer vra, dat die Bybel tog vertaal mag worde in die Afrikaanse taal ook. Hy sal dit seker doen; want die Bybel is syn Woord en die Woord moet aan alle mense bekend gemaak wort in hulle eige taal, Mar. 16: 15, 16.”

Ons noem di boeki ook as 'n voorberyding, en wel in di sin dat dit yntlik di sondebok was wat al di fyandskap moes dra, daar dit di eerste Afrikaanse boeki was. Nou dis wel waar dat di samenstelling fan baing folsinne *te Hollans* is; dat ons di spelling afkeur fan woorde soos *mot, et, seh, Afirkaans, ens.* Mar di bewerking fan di Geskiedenis self is uitmuntend. Di form *kon* gen ferstandig mens meteens folkome ferwag ni as hy bedenk wat dit kos om 'n taal te form. En as ons kyk hoe ons nog altoos ferskil op fele punte in di spelling, dan moet ons feeleer ferwonderd wees dat so'n eerste proef fan (ni 'n samespraak mar) 'n deurlopende ferhaal so goed uitgefal is.

II. ANLYDING.

Mar di samesprake fan alby Klaas Waarsê'ers, met di plydooi van Ware Afrikaander en di Foorlesing van Dr Brill same, sou egter ni in staat gewees hê om di Afrikaners tot erkenning en beoefening fan hulle taal te bring ni. Want in alle dinge is 'n Afrikaner mar lanksaam en fersigtig, en feral in letterkundige sake stel hy mar min belang; daarby kom di fooroordeel dat di taal te sleg is, ens. Daar moes dus iits gewigtigers bykom om di trage

gees op te wek en di diipgewortelde fooroordeel te lat o'erwin; daar moes iits bykom wat di hart fan di volk raak. En dit was

'N AFRIKAANSE BYBELFERTALING.

Di Afrikaner is ferstandelik seer ferwaarloos en feragterd. Dit kan ook ni anders, deur gebrek an onderwys, en feral deur ferkeerd onderwys. Mar één ding hou hy fas, dis syn Bybel, en dit geef an ons volk 'n adel fêr bowe fele geleerde en daarby sedelik ont-aarde folke fan Europa. Liwer 'n ongeleerde Afrikaner met syn Bybel, as 'n geleerde Euro-peaan sonder God en syn gebod; want di Bybel hou di fondament goed waarop kan ge-bou worde.

So was dit dan hiir ook. Di krag wat di Afrikaners wakker geskud het was di gedagte om "in onze taal de groote werken Gods" te kan lees en hoor. 'n Afrikaanse Bybel—was di saak wat di eerste 12 persone by makkaar ge-breng het en dis di saak wat nou nog di foorstanders besig hou. Al di andere is mar by-saak, of liwer is mar middele tot di grote doel.

Di wenselikhed en noodsakelikhed om di Bybel in Afrikaans te vertaal is di eerste voor di andag gebrag deur 'n naamlose korrespon-densi o'er di saak in di *Zuid Afrikaan*. Daar is toen feul foor en teen geskrywe, mar alles naamloos, daarom fermeld ons net di daadsaak, sonder iits daarfan o'er te neem. Wat di saak egter dadelik fan meer belang gemaak het was

'N ONDERHANDELING MET DI BYBELGENOOTSKAP.

Hoewel di onderhandeling tot gen bisonder gefolg gely het ni, so was dit tog nodig om di saak by di foorstanders des te faster te lat wortel. Di oorsprong was, di follende briif fan Meneer A. Pannevis:

Paarl, Kaap Koloni, 7 November 1874.

*Au di Komité fan di Britse en Buitelandse
Bybelgenootskap.*

Menere,—Ek gevoel my ferplig, en neem di fryheid om an julle te skrywe o'er 'n onderwerp fan di hoogste belang.

Di taal fan di Kaapkoloni, oorspronkelyk 'n Hollanse folkplanting, is 'n soort fan ferbasterde Hollans. Fan dat di Engelse daarfan besit geneem het, in di begin fan dese eeuw, is di Engelse taal foorgestaan en di Hollanse trapsgewyse onderdruk. Feral in onze dage span di burgerlike en kerkelike outorityte same om di o'erblyfsels fan di Hollanse taal heeltemal uit te roei, en fer di Engelse taal 'n folkomene en algemene heerskappy te ferseker. Mogelik sal dit luk, en sal al di inwoners fan Suid Afrika, na verloop fan tyd, net mar di Engelse taal gebruik en verstaan. Mar baing jare sal nog moet ferloop foor di dag sal anbreek. En in di tussen tyd, wat sal di toestand fan sake wees? Fer di teenwoordige is di Engelse Bybel fan gen nut fer di grootste gedeelte fan di befolking ni; mar tegelykertyd, fer duisende en duisende onder di Hollans sprekende bevolking, moet di Hollanse Bybel beskou worde as 'n geslote boek. Want in di ferloop fan jare is, gedeeltelik deur ferwaarlosing fan di moedertaal, 'n dialek geform wat in uitdrukking heeltemal ferskil fan suiwer Hollans, en terwyl daar gen ander Hollanse Bybels gedruk word ni as in hoog Hollans, so kan ons ferseker sê dat fele duisende in di Kaapkoloni sonder enige Bybel is, en dit is ongetwyfeld een fan di redes fan di snelle agteruitgang fan di Koloniste, feral fan di gekleurde befolking. 'n Freselike fooruitsig leg voor ons! Die Bybel alleen kan ons help!

Professor Hofmeyr, fan di Kweekskool fan di Ned Ger. Kerk an Stellenbos, het onlangs in

'n brief an my di noodzakelikhyd erken fan 'n Bybelfertaling in Kaaps Hollans. Fele duisende kan gewonne, en di maatskappy ferbeter worde, totdat di Britse gesag in Suid Afrika folkome gevestig is.

Ek bring di belangrike saak foor julle andag, in di hoop dat di God fan ontferming julle harte mog bewege en julle gees ferful met 'n kragtige ywer fer di befordering fan syn Koningryk in hiir-di deel fan di wereld. Ek is bekend met 'n regte knappe predikant fan di Ned. Ger. Kerk, wat seker bekwaam en gewillig sal wees om di fertaling op sig te neem en di werk uit te foer. Briwe an hom kan geadresseer worde "Revd. S. J. du Toit, Daljosaphat, Wellington, Kaapkoloni."

Ek eindig met di opmerking dat fer wynige duisende inwoners fan di Deense West Indise Ylande 'n Nuwe Testament in 'n Hollanse Dialek gedruk is, en die fele duisende Afrikaners onder Britse regering is tot nog toe ferwaarloos. Di getal sile in di Suid Afrikaanse Koloniis, State, en Folksstamme, waarfoor di uitgaaf fan 'n Afrikaanse Bybel wenselik is kan geskat worde op meer as 'n miljoen. Andere skat dit op meer as ander-half-miljoen.

Ek ferblyf, ens.

(Get.) A. Pannevis.

Di Bybelgenootskap draag dit toen op an Ds. Morgan,—leeraar fan di Skotse Kerk an di Kaap en Sekretaris fan di Suid Afrikaanse Tak fan di Bybelgenootskap,—om ferder ondersoek te doen in di saak, in di follende briif:

Londen, 7 Jan. 1875.

Myn waarde Heer,

Ons het laas 'n briif gehad fan meneer Pannevis fan di Paarl, om ons te fersoek om 'n Bybel te druk in Kaaps Hollans wat hy beskryf

as sowat tussen Hollans en Engels, deur di fermenging fan Koloniste. Hy fertel ons dat daar meer as 'n miljoen mense is wat gen Hollans of Engels praat ni mar di mengelmoes. Hy rekommedeer ook 'n Mr. du Toit, Daljosphat, Wellington, Kaapkoloni, as 'n geskikte persoon om di Bybel in di dialek toe te bery.

Ons is onder gen omstandighyd genege om brabbeltale te bestendig, deur di Bybel daar in te druk ni, en niks anders ni as di ontwyfelbare informasi dat daar 'n groot getal *lesers* is wat di dialek gebruik en wat gen gebruik kan maak fan di Engelse of Hollanse Bybel ni kan ons regvêrdig om dit daarin te druk.

Ons ferwys di saak daarom na jou en di Komité sal seer ferplig wees as jy ondersoek wil instel tot welke uitgestrekthyd Kaaps Hollans gesproke word, of daar enige boeke in gedruk is, of daar ergens godsdienstig onderwys in gegé word, en in kort, of ons wys sal handel om 'n Efangeli daar in toe te bery as 'n proef—ook of meneer du Toit, fan wi ons niks weet ni, di regte persoon is an wi so 'n werk kan toefertou worde.

In di hoop dat ek jou ni te veul lastig fal ni,

Blyf ek, Myn waarde Heer, Jou getrouwe

(Get.) M. GIRDLESTONE

Ds. Morgan draag di saak toen voor op 'n Predikante Konferensi an Wellington in July 1875. By di bespreking laat feral Ds. McGregor fan Robertson sig sterk daarteen uit en seg o. a. dat gen man fan gesond ferstand oit an so iits sou denk ni. Professor Murray en Eerw. Dempers neem dit fer di ander kant op, mar by di stemming was hulle in di minderhyd.

Daar Ds. S. J. du Toit syn naam, hoewel geheel buiten syn wete, in di brief fan Meneer Pannevis genoemd werd, had Ds. Morgan met hom 'n prifaat gesprek an di Paarl o'er di saak,

waarin hy Ds. Morgan medeel dat hy bekend is met enige foorstanders fan 'n Afrikaanse Bybelfertaling en as Ds. Morgan hom di hele saak skriftelik wil medeel, dan sou hy dit an di persone foarlê, dan kan hulle self daarop antwoorde. Daarop stuur Ds Morgan hom di kopy'e fan bowestaande briwe, met di vollende briif daarby :

Paarl, 18 August, 1875.

An Ds. S. J. du Toit,

Paarl.

Myn waarde Heer,

Na anleiding fan di gesprek wat ek gisteraand had met jou en meneer Malherbe, het ek di genoeg om jou hiirby 'n kopy te stuur fan di briif wat ek ontfang het fan Ds. Girdlestone, een fan di Sekretarisse fan di Brits- en Buitelandse Bybelgenootskap. Ek sluit ook 'n kopy in fan meneer Pannevis syn mededeling an di Komité in gefal jy gen kopy daarfan by di hand mog hê ni.

Ek denk di follende frage befat di fernaamste punte, waarop dit wenselik skyn om informasi te gê an di Komité :

1. Tot welke uitgestrekthyd word Kaaps Hollans gesproke ?

In syn briif an de Komité merk meneer Pannevis op :

“Di getal sile in di Suid Afrikaanse *Koloniis, State en Stamme*, fer wi di uitgaaf fan 'n Afrikaanse Bybel wenselik is, kan geskat worde op meer as 'n miljoen. Ander bereken dit op anderhalf miljoen.” Sou jy beryd wees om di opgaaf o'er te neem ? of wat sou jy daarvoor in di plaas stel ?

2. Om ons ondersoek tot di Kaapkoloni te bepaal en ons begroting te neem fan di laas gepubliseerde Volkstelling, soos dit gedruk is in di “General Directory” fer 1874 find ons di hele bevolking opgege as 496,381, namelijk :

181,592 Europeane.
 81,598 Hottentots.
 103,536 Kaffers.
 132,655 Andere.

Hoefeul fan di hele getal, 'n ruwe skatting kan beskoud worde Afrikaans te spreek, en hoe feul wat 'n lesing fan di Bybel in di dialek nodig het ?

3. Is daar enige boeke, godsdiinstige of skoolboeke, in di bedoelde dialek, en as daar is, hoe fêr en by watter bisondere klas of klasse fan di samelewing word gesegde boeke gebruik ?

4. Is daar nou enige skole in di Koloni waarin geleerd word om Afrikaans te lees, of waarin jy denk dat dit geredelik kan ingevoerd worde as geskikte boeke ferskaf word ? As daar ni sulke skole is ni, kan jy 'n doenlike plan an di hand gé waardeur di behoefte kan ferhelp worde ?

5. Is daar rede om te ferwag dat 'n ansiinlik getal Predikante, Sendelinge, Katkeseermeesters, Skoolmeesters, en andere, wat werkelik betrokke is in di gé fan godsdiinstig onderwys an di Afrikaans sprekende klasse fan di samelewing, enig skema sal anmoedig wat bostaande oogmerk bedoel, of gereed sal wees om 'n Afrikaanse fertaling fan di Bybel an te neem en te gebruik inplaas fan di teenwoordige geoutoriseerde fertaling ? Wil jy frindlik di adresse fan sulke persone besorge ter wille fan ferwysing as dit nodig is ?

6. Wil jy so goed wees om di Komité fan di Bybel Fereniging te foorsiin fan proef-fertalings in Afrikaans fan een of meer gedeeltes fan di Nuwe Testament soos di Efangelie fan Markus Hoofstuk 1 : 1—20, en di Briif an di Romeine Hoofstuk 5 ?

Antwoorde op di bo'enste frage, saam met ferder anmerkings wat jy mag nodig oordeel om te maak, sal met dank outfang worde deur

Jou ware

(Get.) George Morgan

Follens belofte bring Ds du Toit di saak voor di andag fan enige voorstanders fan 'n Afrikaanse Bybelvertaling en hulle beleg 'n vergadering op 14 Augustus 1875 om di saak te o'erwege. En dit was meteen di dag waarop beslote werd om 'n Genootskap op te rig. Hulle besluit was toen dat Ds. du Toit, as prifaat persoon uit naam fan enige frinde, di follende antwoord sou stuur :

Paarl 25 September 1875.

An Ds Geo. Morgan,
Kaapstad.

Wel Eerw. Scergeleerde Heer!

Ek is nou eers in di geleendhyd gestel om jou twe briwe fan di 18 en 14de fan fan deuse maand te beantwoorde. Di voorstanders fan di Afrikaanse taal woon so fêr uit makaar uit; dat dit met di beste wil fan di wereld ni mo'entlik was om UWelEerw. eerder te skrywe ni. Laat dit as ferskoning diin fer myn skynbaar fersuin.

Op 'n vergadering fan di frinde wat 'n Bybel in di Afrikaanse taal wenselik en noodzakelik ag, het ek alby jou briwe met bylage foorgeleg. Eenparig is hulle fan gefoele dat meneer Pannevis, op syn y'e ferantwoordelikhyd en geheel buite hulle wete, 'n bitji haastig was met syn skrywe an di Brits en Buitelandse Bybel Gen. Hulle denk dat dit nog ni tyd is om sig tot di genoemde Genootskap te wende ni. Di Afrikaanse saak is daartoe nog ni ryp ni. Hulle hoop egter dat di dag ni meer fêr af is ni dat hulle sig met folle frymoedighyd tot di Genootskap kan wende om ondersteuning fer di publikasi fan 'n Afrikaanse Bybel, en hulle wil graag di noodzakelikhyd fan so 'n Bybel met meneer Pannevis onderskrywe. Di Afrikaanse beweging begin nou

- tot 'n krisis te kom ; meer en meer win di o'ertuiging feld dat di enigste manier om di Afrikaanssprekende bevolking, blanke en gekleurde, te beskawe, deur middel fan hulle *Moedertaal* moet geskide, en dit spreek fan self dat fer sodanige beskawing 'n Afrikaanse Bybel 'n eerste ferëiste is. Di Britse en Buitenlandse Bybel Genootskap stel hulle sulke frage wat hulle dus ni kan beantwoorde ni. Hulle begeer 'n Afrikaanse Bybel om di middel te wees tot beskawing, en uit di skrywing fan *Ds. Girdlestone* leer hulle, dat hulle eers beskawing moet hê en dat hulle dan kan ferwag dat di Genootskap genege sal wees om hulle 'n Afrikaanse Bybel te ferskaf. Mar hoe kan 'n mens 'n volk beskawe sonder 'n Bybel in hulle moederspraak ?

Dit sal wel ni nodig wees om an UEerw. te sê ni dat hier regte baing Afrikaners is fer wi di Ingelse Bybel 'n geslote boek en di Hollanse Bybel byna net so onferstaanbaar is, jou onderfinding in di Efangelidiins sal jou dit wel geleer hê. Di regte weg is nou om di folk 'n Bybel in di taal te gé wat hulle al dage spreek en dus di beste ferstaat, mar foordit kan geskide moet di folk eers tot di o'ertuiging gebreng worde, dat hulle 'n ye taal het, en di taak is moeiliker as dit, opperflakkig beskoud, lyk.

Uit di skrywing fan di Eerwaarde *Girdlestone* an UEerw. siet hulle dat hy en di Komité di Afrikaanse taal 'n "brabbeltaal" noem en dat SynEerw. seg, dat dit ni hulle plan is om "gemengde brabbeltale te verëwig deur di Hylige Skrif daarin te lat druk ni." Dit spyt di foortstanders fan di Afrikaanse Bybel te meer, omdat di uitdrukking uitgaat fan di Buitelandse Bybel Genootskap, daar tog di "Bruid des Lams" sal bestaan uit alle geslagte, *tale*, folke en nasiis, en dat di befel fan di Saligmaker : "Predikt het Ewangelie aan alle creaturen" ongetwyfeld bedoel is, in di taal wat hulle best ferstaat, fan daar ook di Uitstorting fan di

Heilige Gees op Pinksterdag in di gawe fan tale.

Hulle is beryd om enige ferdere Kommunikasi fan di Genootskap te beantwoorde, dog soos geseg is, ni follens di yse wat gesteld is in di briif fan Eerw. Girdlestone ni.

Met dank an UEerw. fer di reeds genome moeite in di saak, en met fersoek om fan hiir-di briif an di Brits en Buitelandse Bybelgenootskap kennis te gé.

Het ek di eer, ens.

(Get.) S. J. du Toit.

P. S. As prifaat persoon het ek UEerw. bostaande mededeling gedaan, mar ek fersoek ferswyging fan myn naam, daar Meneer Pannevis my geheel *buiten myn wete* as vertaler anbefeel het. Ferder kan ek UEerw. meide dat daar 'n Genootskap fan Afrikaners opgerig is waarfan Meneer.....Sekretaris is, an wi ferder alle skrywings moet gerig worde.

In di Jaarlikse ferslag fan 1875 maak di Komité fan di Genootskap melding fan Meneer Pannevis syn briif en geef 'n uittreksel daarvan en seg daarby dat hulle ferder informeer na di saak.

Daarby is di saak gebly. By di Bybelgenootskap was gen hyl. Mar di fondament was nou geleg ver ye ferdere werksaambyd. Later spreek ons o'er wat ferder gedaan is in di saak fan di Bybelfertaling. Ons besluit di hoofstuk met 'n paar opmerkings.

1. Di Afrikaanse frinde had stellig gelyk teeno'er di Bybelgenootskap. Di Bybel is di ware folksbeskawer. Had Luther ook fooraf sulke yse gestel, dan had hy nooit begin om di Bybel in Duits te fertaal ni. En ons ferwag ook hoegenaamd gen hyl ferder fan di Bybelgenootskap in di saak ni. Ons sal mar self met onse swakke kragte, in Gods naam en met Syn hulp, moet fortgaan.

2. En hier kom nou 'n gewigtige vraag, wat di historiskrywer net mar in ferbygaan kan anstip, sal ons fortgaan met onse gifte te gé an 'n Bybelgenootskap wat onse taal 'n brabbeltaal noem, wat hulle hart sluit fer onse behoefte, en wat duisende ponde besté an bybels te ferspry waar dit alreeds dik gesaai is? of sal ons liwers begin by Jerusalem en eers, so feul as di Here onse oge geopen het fer onse ye behoefte, al onse kragte daaran wy om Gods heilig en diirbaar woord in onse ye taal fertaald gedruk en ferspryd te kry? of sal ons di een doen, en di ander ni nalaat ni?

III DI GENOOTSKAP FAN REGTE AFRIKANERS.

Mogelik sal 'n latere geskiidskrywer,—as teenwoordige fooroordele al uitgesterwe is en di tyd elke gebeurtenis na waarde sal gerangskik hê,— DI VEERTINDE August 1875 opteken as 'n gedenkwaardige dag in di Geskiedenis fan Suid Afrika. Dis di dag waarop "Di Genootskap fan Regte Afrikaners" opgerig is. Dat di aulyding daartoe yntlik was 'n Afrikaanse Bybelfertaling het ons al gesiin. Om di weg daartoe te baan was so 'n liggaam of fereniging nodig, ten ynde an di eenkant di befolking eers tot erkenning fan hulle taal te bring, en an di ander kant om di taal self eers as skryftaal te leer beoefen. Dis onmolik om in korter worde 'n duidelike foorstelling te gefan di ontstaan en fortgang fan di genootskap as di Bestuur dit doet in hulle Ferslag op di derde Jaarlikse Fergadering gehou op 24 August 1878.

Ons Verlede

kom ons nou lewendig voor die gees, toen ons nou voor 3 jaar, met 'n twaalfstal by makaar was. Ons had 'n insig in 'n grote, werk wat moes gedaan worde ver land en volk. Mar alles was teen ons: ons getal was klein, en die teen-

standers baing— die saak vereis geld, en ons had nie veul nie—gesag was nodig, mar ons had gen manne van invloed in die politieke wêreld nie. Mar ons had die *reg* en die *waarheid* an onse kant, en 'n magtige God bowe ons hoof. Ons het gesproke, en gebede, en—beslote om 'n Genootskap op te rig. Wat die ondervinding in die tyd was, is nog in elkeen syn geheuge. Die Here het ons van stap tot stap gelei tot waar ons nou is. Roem kon ons nooit,—kan ons oek nou nie,—mag en wil ons oek nie ;—mar ons had oek nie nodig om te wanhoop nie. 'n Gestadige vooruitgang was daar met ons. En veral in ons land, waar, soos dit meesal in Kolonies gaat, 'n menigte dinge in geesdrif en met groot ophef begonne wort, mar om net nou vergeet te wees,—in ons land is so'n *gestadige* vortgang bepaald 'n bewys van egthyd. Ons kan nou gerus sê, dat di Afrikaanse Taalbeweging wortel gevat het in die hart van onse bevolking. Ja, al sou die Genootskap vandag besluit om op te breek, dan was ons werk tog nie vergeefs ; onse saak sal tog vortgaan en gesegende vugte di a ver di nageslag. Vrugteloos was ons werk nie. Dit sal blyk by die vollende o'ersig.

 1.

 RE'ELS EN BEPALINGS VAN DIE GENOOTSAP VAN REGTE AFRIKAANDERS.

ALGEMENE BEPALINGS.

I. Die "*naam*" van ons Vereniging is : GENOOTSAP VAN REGTE AFRIKAANDERS.

II. Die "*doel*" van ons Genootskap is : *om te staaen ver ons Taal, ons Nasie en ons Land.*

III. Die "*Bestuur*" van ons Genootskap sal in hande wees van een President, Sekretaris en T esurier, wat alle jare weer moet gekies worde.

IV. Op al onse vergaderings en in alle offisiële stukke moet die Afrikaanse Taal gebruik worde.

 APARTE BEPALINGS.

 1.—*Van die lede.*

V. 'n Man word lid deur die re'els te onderteken en daardeur verklaar hy dat hy hom daaraan sal hou en ver die Genootskap sal doen wat hy kan.

VI. Ider lid het reg om 'n ander lid in te bring ; mar dan moet hy hom eers by die Bestuur anmelde. Dan leg

die Bestuur dit an die vollende vergadering voor, en as twe-derde van die lede vóór hom stem dan kan hy inkom.

VII. Ider lid moet gelowe in die Versoeningsdood van onse Heer Jezus Christus.

VIII. As 'n lid die Reëls o'ertré dan kan die Genootskap hom uitset.

2.—*Van ons werk.*

IX. Ons eerste werk sal wees om alle maande 'n blad uit te gé, wat di naam sal dra van "DIE AFRIKA PATRIOT," in die vorm van 'n boekie van sestien (16) bladsy'e.

X. Van tyd tot tyd word daar prysvra'e uitgeskrywe.

XI 'n Woordeboek en Spraakkuns ge ons uit so gou as mo'entlik is, en verder ander skoolboekies.

XII. Die Bestuur kom die eerste Saterdag van ider maand by makaar met so veel lede as ius het om dit by te woon; en die Algemene Vergadering word alle drie maande gehou om ons werk voort te set.

XIII. 'n buitengewone Vergadering kan opgeroep worde deur di President en die Sekretaris, as hulle denk dat dit nodig is, of as tien lede daarom vra.

XIV. As 'n lid die Algemene Vergadering versuim, dan moet hy daarvan vooraf an die President of an de Sekretaris syn rede opge en as hy hieran nie voldoen nie dan wort gehandel vollens Art. VIII.

XV. As meer as 'n derde van di lede sonder 'n wettige rede afwesig is, dan kan die Algemene Vergadering nie gehou worde nie.

XVI. 'n Genome besluit kan nie weer verander worde nie, of daar moet op die dag as dit geneem word, kennis van gege worde dat dit sal hersien worde op die vollende vergadering.

XVII. Idere vergadering sal met gebed 'geopen en gesluit worde.

XVIII. Die Genootskap hou die reg om die Artikels te verander, by te voeg en af te laat.

As ons nou fan agter di Reëls bedoord na-lees dan is daar 'n paar punte wat opmerking ferdiin.

1. Art. VII het by fele anstoot gegé. Sommige het aangebode om lede te worde as di artikel vernitig word. Mar gelukkig was daar nooit di minste wyfeling by di Genootskap op

di punt ni. Had hulle di fondament ni geleg ni, of besluit om op 'n ander fondament te bou, dan was hulle gebou mo'entlik spoediger opgehaal, mar om weer gou te ferval; terwyl dit nou duursaam en fas staat.

2. Teen di gehymhouding fan di name het andere weer beswaar gehad; party het selfs geseg: "Dis 'n Vrymesselaars-spul." Mar in hulle opperflakkigheid ferliis hulle uit di oog dat di Genootskap flak teeno'er di Vrymesselaars staat; want di Vrymesselaars maak hulle *persone* bekend, maar hulle *werke* blyf gehym' terwyl di Genootskap al hulle *werke* openlik publiseer mar alleen hulle persone ni op di foorgrond wil stel ni. Die Genootskap handel dus volkome o'ereenkomstig di Skrif (Mat. 5: 16), terwyl di Vrymesselaars teen di Skrif is (Joh. 3: 20, 21).

2.—WERK FAN DI GENOOTSKAP.

Met klyne krag het di Genootskap begin; mar di klyne krag het hulle gebruik. En dis tog mar 'n faste reël in Gods koninkryk: die wat getrou gebruik maak fan syn talente, kryg altoos meer." Baing grote en sterke fereniginghe het ni uitgefoer wat di swakke, gehate, en by fele feragte klompi mense gedaan het ni.

Di eerste wat hulle uitgegê het was

DI AFRIKAANSE VOLKSLIED.

1.

'n Ider nasie het syn LAND,
 Ons woon op Afrikaanse strand,
 Fer ons is daar gen beter grond
 Op al die wy'e wereldrond.
 Trots is ons om die naam te dra
 Van kinders van Suid Afrika.

2.

'n Ider nasie het syn Taal.
 Ons praat, van Kaap tot in Transvaal,
 Wat almal maklik kan verstaan,
 Wat gaat die ander tale ons aan?
 Ons praat, so's Pa en Oupapa,
 Die Landstaal van Suid Afrik

3.

'n Ider nasie het syn WET,
 Wat goed gebied en kwaad belet :
 En elk syn wet is na syn aard,
 En gaat met syn natuur gepaard :
 So volg ons oek die sede na,
 Wat thuis hoort in Suid Afrika.

4.

'n Ider nasie het syn REG ;
 Al is hy nog so swak en sleg.
 Daar is 'n Oog wat alles merk ;
 Hy set die onreg paal en perk.
 Hy kyk oek ons verdrukkers na.
 En waak oek ver Suid Afrika.

5.

'n Ider nasie het syn TYD
 Om op te groei en af te slyt,
 En soos ons liwe Heer dit doet,
 So is dit altyd wys en goed.
 Daar kom 'n dag ver ons oek ja
 Vertrou op God, Suid Afrika !

6.

Want al die nasies het één GOD.
 Hy re'el ider volk syn lot;
 Hy het ver ider volk syn Taal,
 Syn Land, syn Reg, syn Tyd, bepaal.
 Wie dit verag sal Syn straf dra.
 O God beskerm Suid Afrika !

Wat inhoud en form angaats hoef di Afrika-
 ners hulle fer so'n Volkslied ni te skaam ni.
 Dit sal elke bevoegde en onpartydige beoor-

deelaar moet erken. Wyle Mnr. J. S. de Villiers, di beroemde musiekmeester fan di Paarl, het daar musiek op gemaak en eenkeer op 'n Konsert laat sing en dit het 'n goeie indruk gemaak. Dit werd feral deur fele opgemerk dat Afrikaans so bisonder floeibaar en ferstaanbaar is om te sing; jy kon woord fer woord so duidelik ferstaan. Di enigste anmerking wat ons gehoor het was mar dat di musiek ni populêr genoeg was ni. Ons hoop dat di dag ni meer fêr is ni dat Meneer de Villiers di Volkslied met 'n populêre wysi sal laat druk, en dat dit sal weerklink deur heel Afrika fan dorp tot dorp en fan berg tot berg. Daar is seker gen beter kans fer onse Afrikaanse Beethoven om syn naam te ferëwig ni.

Die tweede stuk wat die Genootskap gepubliseer het was die follende openlike ferklaring of Manifest:—

DIE GENOOTSCHAP VAN REGTE AFRIKAANDERS GROET AL HULLE LANDGENOTE EN WENS HULLE VREDE.

Onse liewe Here het op di aarde verskillende Naties gestel en an ider Natie syn 'Taal gege. Om die sonde van die mens het onse liwe Heer die Volke verdeel en die Tale verwar, by die toren van Babel (Gen. 11). En die inrigting het God self altyd erken en bevestig. Kyk mar op Pinksterdag (Hand. 12: 5—2). God kon Syn wil bekend gemaak hê in een taal, in die taal wat al die mense gepraat het voor die verwarring (Gen. 11: 1), en daardeur sou Hy dan te kenne gé: “Laat al die Naties die een taal leer, wat Ek an die mense gege het! Ek kan, in die openbaring van myn volmaakte wil, Myn nie steur an al die gebrekkige stukke van tale wat deur die sonde verwar is nie.”—MAR

né, onse Liwe Heer laat deur die H. Geest “verdeelde tongen” op die hoofde van die discipels sit : “*tongen*,” om Gods wil te verkondig ; “*verdeelde tongen*,” om dit in al die tale te doen. Dit was dus bepaald vollens Gods wil, dat “Parthers, en Meders, en Elamieten,” ens.⁴ moes uitroep : “Wij hooren hen *een eigelijk in onze eigene taal, in welke wij geboren zijn*, spreken.” Dit siet ons oek duidelik uit Openb. 14 : 6 (wat bepaald siet op onse da’e) : “En ik zag eenen anderen Engel, vliegende in het midden des hemels, en hij had het eeuwig Evangelie, om te verkondigen dengenen, die op de aarde wonen, en aan alle natie, en geslacht en *taal*, en volk.”—Mar nog meer—“die ooren heeft die hoore !”—in die Openbaring van Johannis (5 : 9), lees ons die loflied van die gezaligde : “Gij hebt ons Gode gekocht met uw bloed uit *alle* geslacht, *en taal*, en volk, en natie.” En verder (7 : 9) lees ons : “Na dezen zag ik en ziet, eene groote schaar, die niemand tellen kon, uit *alle* natie en geslachten, en volken, *en talen*, staan voor den troon en voor het Lam,” ens. Uit die tekste kan ons duidelik sien dat die verskillende volke en tale selfs in die hemel, voor die troon van God, erkend wort.

En ons natuurlik verstand leer ons dit cek, alson die Bybel daar niks van sê nie. Kyk selfs die ou’e heidense konings wat hulle gedaan het. Lees hiervan in die boek van Esther 1 : 22 ; 3 ; 12 en 8 : 9. Daar siet ons dat Ahasveros, “die regeerde van Indië af tot Morenland toe, 127 landschappen,” syn onderdane geregeer en syn wette uitgestuur het “aan een iegelijk landschap naar zijn schrift en *aan elk volk naar zijn spraak*.” Ja, hy het dit as ’n gebod uitgevaardig : “dat *elk man overheer in zyn huis wezen zou* (zijn gewoontes, sal hou) en *spreken naar de spraak zyns volks*,” (syn taal sal praat).—Mar ons weet dit oek uit die geskiedenis buiten die Bybel. Wat lees ons

van koning Mithridates? Hy het geregeer o'er 22 Koningryke, en hy het idereen bestuur vol-lens hulle ei'e wette en in hulle ei'e taal. En Officiere, en Gouverneurs, en Magistrate, ens., moes almal die tale leer van die naties waar-o'er hulle gestel was, en moes hulle maniere verstaan.

En as heidense volke nou so handel, wat kan ons dan nie verwag van Christelike naties, wat nie alleen die natuurlike verstand en die voor-beelde van die heidense naties hierin het nie, mar bo'endien nog Gods woord het om hulle dit te leer?.....

En wat is nou hier met ons gebeur? Onse Liwe Heer het ver ons in Afrika geplaas en ver ons die Afrikaanse taal gegé. En netdie te'en-o'ergestelde van wat Ahasveros gedaan het, het die Engelse regering met ons gedaan. In 1812, dis voor die kolonie nog hulle wettige ei'endom was (die Prins van Oranje het toen nog mar die kolonie an hulle beskerming, toevertrou, en in 1815 is dit eers wet-tig an hulle o'ergege—toen het die koning van England al 'n Proklamatie uitge-vaardig, waarin hy anbeveel dat ons al-mal moet Engels leer. En van die tyd af het hulle net hulle bes gedaan om ons taal te mis-ken en te verdring deur hulle taal in te voer. Kyk mar ons Parlement, die Raad van ons land, moet in HULLE taal gehou worde. Nou kan ons die Vaders van ons land nie daarnatoe stuur nie, want hulle ken gen Engels nie. Daar gaat vreemdelinge, handelaars, fortuinsoekers, en al sulke soort van mense wat mar 'n bietjie Engels kan praat, daarnatoe; en hulle is glad onbe-kwaam om ons belange te behartig.—Kyk in ons Geregshowe daar het hulle oek HULLE taal ingevoer. Nou moet ons daar staan, in ons ei'e Geregshowe, so's vreemdelinge en wort be-skuldig en veroordeel in 'n vreemde taal wat ons nie verstaan nie. En al ken die regter oek

al ons taal dan moet hy daarom ver hom aanstefnes hy dit kasta nie verstaan nie, en daarom moet daar nog 'n tolk wees.—En hoe gaat dit nou in ons Skole? Nog erger. In hulle Re'els eis hulle dat di ENGELSE taal, so vêr as doenlik is, die taal moet wees waarin onderwijs moet gegee worde. En so kom ons kinders in ons ei'e Skole so's papegaai'e. Hulle moet eers 'n vreemde taal leer om dan in die taal verder te kan geleer worde!!!—En in die Re'els seg hulle nog mar “so ver as doenlik is,” mar in die praktyk toon hulle, dat hulle denk dat dit heeltemaal doenlik is om niks as Engels te leer in ons Skole. Waut 'n onderwyser hoef vollens hulle wet, glad nie *ons* taal te ken nie. Op die manier wil hulle nou met geweld ons moedertaal by ons kinders uitroei. En dis 'n vrese-like onreg. Want as jy 'n volk syn taal afneem dan maak jy hom tot 'n doofstomme: jy ontnem hom die wysheid van syn voorvaders wat bewaard is in al die spreuke, spreekwoorde, en uitdrukkens, ens.

En die ergste is nog, hulle ontnem ons wat hulle ons nooit weer kan ge nie. Want daar is mar een moedertaal, die taal van ons hart. Die taal waarin ons an moeders bors *pa* en *ma* leer sé het,—die taal waarin ons die eerste indrukke ontvang het,—die taal waarin ons vrome moeder ons as kinders geleer het om die dierbare naam van onse Here Jesus uit te spreek,—die taal waarin ons ou'ers altyd hulle God gedien het,—die taal waarin ons brawe vader ons op syn sterfbed nog vermaan het, die taal waarin ons moeder sterwende haar laatste asem uitgeblaas het in 'n gebed ver ons; — *die taal blyf ons heilig*— die taal kan ons vergen ander taal op die wereld verruil nie. En iedere perbeerslag om ons die taal te ontnem beskou ons as 'n onteering van die nagedagtenis van onse voorvaders, as 'n onderdrukking van die te'enwoordige geslag, en as 'n onreg

ons kinders angedaan..... Mar, an die ander kant, elke poging al is dit nog so swak, om ons moedertaal wat ons dierbaar enheilig is, te bewaar en te verdedig, sal ons voorstaan en bevorder so lang as ons leef. Hulle sal ons moedertaal nie uitroei nie !

En die geskiedenis het dit oek al genoeg getoon dat dit onmo'entlik is om 'n volk syn moedertaal te ontnem. Kyk in Wallis, dit leg in die middel van die Engelse ryk, en daar het hulle tot vandag toe nog nie die volkstaal kan uitroei nie; ofskoon dit al eeue lank onder England is. En kyk watter moeite het die Russe al gedaan om die Pole hulle moedertaal af te neem! mar dis verniet, tot vandag toe praat hulle nog Pools. En so oek in Vlaanderen, Friesland, Ierland en ander lande.

En wat voer die Engelse regering dan nou hier uit met al hulle gewerskaf om ons taal te verdring deur met krag en geweld hulle taal hier in voer? Daardeur doet hulle ons niks as skade an. Hulle ontnem ons die sleutel van alle kennis. Hulle wil hier weer die toren van Babel bou, om ver hulle 'n naam te maak, en daardeur bring hulle niks as verwarring.

Mar dis nog nie geluk om ons moedertaal uit te roei nie. Onse Liewe Heer het dit nie toegelaat nie. In 70 jare tyd het hulle die 20,000 blanke Afrikaners nog nie tot Engelse kan maak nie. Né, Afrikaans is nog die baas. Daar is vandag meer wat Afrikaans praat as in 1812. Die grootste gros van ons natie praat almal nog Afrikaans.

Mar daar is daarom drie soorte van Afrikaners. Dit moet ons in die oog hou. Daar is *Afrikaners met Engelse harte*. En daar is *Afrikaners met Hollanse harte*. En dan is daar **AFRIKANERS MET AFRIKAANSE HARTE**. Die laatste noem ons **REGTE AFRIKANERS**, en die veral roep ons op om an ons kant te kom staan.

En wat gaat ons maak ?.....Regte Afrikaners, ons roep julle op om same met ons te erken dat die Afrikaanse taal ons moedertaal is wat onse Liewe Here ver ons gegee het; en om same met ons te staan ver ons taal deur dik en dun! en nie te rus nie voor dat ons taal in alle opsigte algemeen erkend is as die volkstaal van ons land.

VAARWEL!

Volkslied en Manifest het die Genootskap albei lat druk in die *Zuid Afrikaan* en in die eerste nommer van die *Patriot*, en bowendien het hulle van die Volkslied nog 500 en van die Manifest 1000 apart lat afdruk en versprei. Albei, mar veral die laatte het 'n diepe en blywende indruk gemaak op die harte van vele Afrikaners. En dit kan oek nie anders nie. Daar sit *waarheid* in, en die waarheid is magtig "Die uit de waarheid is hoort myne stem," seg onse Saligmaker, en dit blyk nog mar altyd. Al is die vooroordeel en teenstand nog so sterk, sodat vele daardeur verblind word, mar waar die waarheid Gods in 'n saak is, daar vind dit weerklank by diegene wat uit die waarheid is. Dit het hier oek geblyk. Ja, onse liwe Here sy gedank! daar is vele sodanige in ons land. Vele het al die stem van onse Saligmaker in die saak gehoor en het die gevolg; vele kom nog aldag by; en vele sal neg bykom.

DIE AFRIKAANSE PATRIOT

was di derde publikasie van die Genootskap, hulle hooforgaan. Ons siet gen kans om di vortgang van di blad in korter en duideliker woorde te beskrywe ni as dit gedaan is deur di Bestuur in hulle Verslag voor die derde jaarlikse vergadering, op 24 Augustus 1878, waaruit ons die vollende uittreksel o'erneem.

ONS PATRIOT

gaat moedig voorwaarts. Hy is vooruitgegaan in alleop-sigte.

1. In *vorm*. Die eerste jaar was hy 'n maandblad. Die tweede jaar 'n kleine weekblad. Die derde jaar ver-groot, met ons Wapen voorop, Soo is hy van 'n kind tot 'n jongeling opgegroeï, gesond en vris, sonder lewer-traan te gebruik. En alweer is syn pakki klere te klein. Van alle dele van die land kom die dringende bede. "Maak die *Patriot* tog groter; ons sal liwers meer be-taal." Om an die behoefte te voldoen is onse Drukpers te klein. Mar as onse geldelike sake dit toelaat hoop ons vollende jaar die *Patriot* te lat uitkom in 'n vorm waarin hy ver syn ouere tydgenote nie hoef agter te staan nie.

2. In *getal Intekenare* is hy oek by die dag sterker ge- worde. In alle dele van ons land is hy nou al versprei. Van die hardste teenstanders is party intekenaars gewor- de. In Kolonie, Vrystaat, Transvaal, Natal, Diamand velde, ja byna in elke hoekie van Suid Afrika wort syn stem al gehoor. Syn eerste jaar het hy begin met skaars 'n 50 intekenare. In die helfte van syn tweede jaar, dis by onse vorige Jaarlikse Vergadering, was die getal al g klim tot 663. En nou is dit omtrent 950, en daar kom nog al weke nuwe intekenaars by. In anmerking geneem dat die laatste jaar 'n regte teenspoedige was in alle op- sigte ver ons land, deur droogte, oorlog, ens. is die toe- neming buiteng woon groot. Seg nou mar dat elke *Patriot* deur 3 of 4 persone gelese wort, is dit dan gen se- gen dat 'n 4000 landgenote—en die grootste deel daarvan mense wat vroeger gen koerant gelces het nie,—nou an die lees geset is, en belang begin te st l in die gebeurte- nisse in ons land en die hele wereld?

In *Medewerkers*. Daar is nou twe flukse jonge Afrika- ners wat hulle heeltetal gewy het an die saak om verdie uitgaaf te sorge, sodat intekenaars verder nie hoef te kla'oeer die verzending van hulle koerant nie. Dan het ons die belofte van enige invloedryke persone, hulle ons verder sal help met inleidings stukk: 'n Vast- medewerker het ons nou ver die twe afdelings *ver kinders* en *Gedigte*, en 'n ander *ver Vrage* en *Antwoorde*. Ons wens nou mar net dat ons nog 'n goeje hand kan kry om o'er Boerdery te skrywe. Ons sal mohite dodn daarvoor.

4. In *Invloed*. Dit kan nie anders nie met so'n toene- ming in alle opsigte, moes so'n invloed sterk toen em. Vroeger vyandelike koerante en tydskrifte stuur nou ruilrommers. Op baing plas^a ishy al die koerant. Ve al in Transvaal het gen Koloniale koerant so veul intekenaars en so 'n invloed as die *Patriot*

En nog altijd en gestadig an gaat die *Patriot* vooruit. Terwijl ons dit skryf (Juni 1879) is die getal intekenare al'n 1400. Daarby is nou 'n grote koerant van 24 kolom, met 'n korrespondensie-blad daarby. So vêr ons bekend is, is daar nou net één Hollanse koerant wat meer intekenaars het; mar die is dan ook opgerig met 'n kapitaal van £5,000, en word gesteund deur 'n sterke maatskapy, en noodwendig opgehou as enige Hollanse koerant in die hele Vrijstaat. Mar hier staat die arme gesmade, vertrapte *Patriot*, opgegroeï onder ramp en teenspoed, tot 'n teken van die waarheid van Gods woord: Het dwaze der wereld heeft God uitverkoren, opdat Hy de wyzen beschamen zou; en het zwakke der wereld heeft God uitverkoren, opdat Hy het sterke zou beschamen; en het onedele der wereld, en het verachte heeft God uitverkoren, en het geen niets is, opdat Hy het geen iets is te niet zou maken, opdat geen vleesch zou roemen voor Hem" (1 Cor. 1 : 27—29). Ja, dit blyk al duideliker, wat ook van die Genootskap en van die Afrikaanse taalbeweging mag worde, dat God in syn genade reeds die *Patriot* gebruik het tot 'n getuige ver syn naam. En dis die vaste o'ertuiging van hom wat dit hier skryf, dat die blad by toenemende afval deur onse trouwe God sal gebruik worde tot 'n getuige ver syn naam. En dan sal dit blyk dat die vele gebede en geldelike opofferinge en nagte van moeite en gelede smaad ver die blad nie te vergeefs was nie! Mar ons skryf die geskiedenis van die verledene en gen profesie ver die toekoms nie. En tog behoort ons nooit uit die oog te verlies dat onse God in die verlede die toekoms voorberei.

Dit was 'n verstandige besluit van die Genootskap om in Art. IX as hulle eerste en vernaamste werk te beskou die uitgaaf van die *Patriot*. As daar ooit wat tereg kom van die taalbeweging dan sal die *Patriot* hoofmiddel daartoe moet wees. Dis 'n tyd van koerante waar

in ons leef; die drukpers neem al meer die plaas van die preekstoel in; en koerante oefen die grootste invloed uit op die publieke opinie. En daar haas alle koerante vyandig was teen, en gen een 'n bepaalde voorstander was van die Afrikaanse taalbeweging nie, moes die Genootskap 'n eie orgaan hê: die *Patriot* moes hulle tong wees by die bevolking. En nou van agter mog hulle mar bly wees dat die noodsakelikheid hulle gedwing het om dadelik 'n eie orgaan te kry,— 'n orgaan waarin hulle beginsels blootgeleg en verdedig word, waarin deur verstaanbare en nuttige stukke *leeslus* by die bevolking bevorder word, en in die eie taal van die volk sodat dit veral die *skryflus* by die volk opwek.

'N ARIKAANSE SPRAAKKUNS

werd toen oek dadelik as 'n nuwe behoefte gevoeld en erkend. Daar moes eenvormigheid kom in die spelling, die regels en beginsels van die taal moes nagespoor worde, om die spreektaal tot skryftaal gevormd te kry. Ook daaraan het die Genootskap dadelik die hand geleg, en onder die nederige titel van "Eerste Beginsels van die Afrikaanse Taal" is 'n boekie van 30 bladsye uitgege, wat ver elke taalgeleerde die duidelikste bewys gelewer het: 1. dat die Genootskap lede en medewerkers het wat in taalkennis ver niemand in Afrika hoef agter te staan nie; 2. dat Afrikaans nie alleen vaste reels het soos alle tale nie, mar in vele opsigte selfs deugde het bowe die meeste hedendaagse tale. Vergelykings van Afrikaans met Hebreëus, Grieks, Latyn, Frans, Duits, Engels, Hollans, Deens, ens., word so gepas ingevleg dat dit selfs gen skyn het of die samestellers hulle geleerdheid wou lat lug nie, mar dat dit tog an die boekie 'n blywende waarde en gesag geef.

Daar is 'n duisend van gedruk, en binnen
weiniġe maande was dit uitverkog. Tot nog
toe had die Genootskap altyd so veel nuwe
werk voor dat hulle gen herdruk kon gé nie.
Ter wille van die vele lesers wat dit nie het nie
geef ons hier 'n paar uittreksels daaruit. Ver-
eers die geestige gedig voor-in o'er.

DIE AFRIKAANSE TAAL.

1.

Gen Hollans, Duits, of Frans,
Gen Engels, of Javans,
Gen Kaffers, of Boesmans,
Al goi jy almal in die skaal,
Ver ons kan hulle nooit ophaal
Die ware Afrikaanse Taal.

2.

Ofskoon ons taal hier blyf,
En iedereen dit skryf,
Net na die wind hom dryf ;
Die Afrikaans blyf daarom reg :
Wat regtig goed is wort nie sleg,
Al trap jy hom, of goi hom weg.

3.

Ofskoon gen een dit leer,
Mar ongepermitteer
Verfoes, verknoei, onteer ;
Ons Moedertaal blyf daarom goed ;
Ons Taal sit in ons murg en bloed,
En groei nog op in te'enspoed.

4

En twyfel jy hieran ?
Myn lieve goeie man,
Vat jy die boek dan an !
Ek wed as jy ons spraakkuns leer,
Dat jy gen taal so hoog sal eer,
Nou kom, seg : Top ! man, en perbeer.

Hulle doel leg di bewerkers duidelik ope in

'N KLYN WOORDJI VOORAF.

Die eerste boekie wat "Die Genootskap van Regte Afrikaanders" uitgé is DIE EERSTE BEGINSELS VAN DIE AFRIKAANSE TAAL. En dit kan oek nie anders nie, want die Genootskap is mos opgerig "om te staan ver *ons Taal*, ons Nasie, en ons Land."

Ma' let op! Di's mar "EERSTE BEGINSELS" wat ons hier ge; dis nog nie een eintlikke *spraak*kuns nie. Né, ons weet te goed dat gen taal, nes 'n swareweersteen, somar kant en klaar uit die hemel val nie. Dit neem lank tyd om 'n taal goed te kry. Kyk mar Hollans en Engels: wat was dit eers, en wat is dit nou? En heeltemal volmaak wort gen taal ooit nie. Want waar is 'n taal wat nie syn foute en gebreke en onregelmatigheid; het nie?

'aarom ge ons vere rs mar "EERSTE BEGINSELS." Di's vèr van volmaak af; dit weet ons goed. Want di's mar die eerste perbeerslag. En iedereen wat kennis het daarvan weet dat dit gen gemakkelikke werk is om die beginsels van 'n taal op te spoor nie. Mar dit durf ons tog gerus sé: Ons het hierin getoon, dat Afrikaans net so goed 'n taal is as enige taal van die wereld. Hy het net so goed syn woorde, syn vorme, syn wette, ens. En ons daag enige vyand uit om te bewys dat dit nie so is nie.

"EERSTE BEGINSELS" ge ons mar. Want ons wil vereers nog nie 'n *Spraak*kuns maak nes 'n jurkie om ver die Afrikaanse taal an te trek nie. (So het hulle met baing ander tale gemaak). Né, die taal groei nog altyd an, en dan is die jurkie net nou te klein en dan knel dit. Ons taal is nou nes 'n kind wat begin te loop en nou ge ons die "Eerste Beginsels" ver 'n leiband om an vaste te hou en so goed te leer loop.

'n Afrikaander kan nou uit die EERSTE BEGINSELS in 'n paar da'e of weke net so goed leer om syn ei'e taal te skrywe, as 'n Engelsman Engels, en 'n Hollander Hollans. Ja, Afrikaners! nou kan julle sien hoe veul gemakkelikker dit is om julle ei'e taal te leer, as vreemde tale. En dan kom dit nog daarby, dat 'n mens 'n vreemde taal nooit so goed leer as jou ei'e nie.

Vrind en vyande kan mar anmerkings maak so veul as hulle wil. Ons sal dit in ons sak steek. Op 'n goete dag kan dit ons te pas kom.

GROETENIS VAN DIE GENOOTSKAP!

Fan blywende waarde is oek di follende opmerking in di

INLEIDING.

1. Die Afrikaanse Taal is eintlik 'n tak van die Hollandse taal. Mar in die loop van die tyd veral nadat die Kolo-, nie van Holland los geraak het, is dit heeltemal verander so dat 'n rou Hollander wat hier kom ons nie kan verstaan nie, omdat ons so veel ander woorde in ons taal opgeneem het, en die Hollandse woorde in ander vorme en betekenis gebruik.

2. Ons taal is dus 'n afstammeling van die Germaanse tale, en dit het die karakter gehou oek. Daarom dat ons woorde byna almal uit Hollans en Duits kom. Van Engels en Frans, wat 'n mens dit sou ve wag, kry jy amper gen *woorde* in ons taal nie; mar wel enkele *uitdrukkings*.

3. Daar is in ons taal suiwer Afrikaanse woorde, so's KARKATJIE, PONDOK, SKAAPSTEKER, AMPER, BILTONG, KOGGELSTOK, HOT-OP-SES, HAAR-NAAS-VOOR, ens.

4. Die meeste van ons woorde is daarom mar Hollandse woorde wat ons verkort of veranderd gebruik. Ons woord *mos* kom van die Hollandse woord *immers*, *naand*, van *goede avond*, ens.

5. Uit Duits het ons meer woorde as 'n mens sou dink. So's *stewel*, *gewêrskaf*, *dan en wan*, *verganje jaar*, ens.

6. Uit Engels, Frans, Portugees, ens., kry 'n mens oek nou en dan 'n woord. Mar di's mar min.

7. Mar die tale het daarom invloed uitgeoefen op die gebruik van ons eie woorde, veral Franse Vlugtelinges. So's die twemaal *ons* ver die Hollandse *wij* en *ous* kom ver die naaste van die Franse *nous* ver *wij* en *nous* ver *ous* oek. So oek ons dubbele *nie* is nes die Fransi *ne pas*, ens. Uitdrukkens so's *die een*, *die ander een*, ens., kom weer uit Engels.

8. Ons taal kom meer as enig ander taal o'ereen met ons tyd: kort, kort! Ons het al die slepende uitgange van die werkwoorde lat val. Ver *eten*, *drinken*, *loopen*, ens., seg ons so mar kortaf *eet*, *dink*, *loop*, ens.

9. Ons taal en ons geaardheid kom net o'ereen: in ons woorde nie meer letters as nodig is nie, en in ons werk gen omslag nie en min onkoste. Veral baing medeklinkers goi ons uit, en dit maak ons taal sag en vloei'end, so's *eie* ver *eigen*, *ou'e* ver *ouden*, ens. En hoe meer klinkers in 'n taal, hoe beter dit klink.

Dat di bewerkers heeltemal selfstandig gehandel het en ni mar di forme fan Hollans of Engels an Afrikaans opgedring het ni, soos onnodige en lastige Latynse forme an di meeste moderne tale opgedring is, is 'n grote en ongewone se'en, en blyk op elke punt; byvoorbeeld by di alfabet erken hulle mar 22 letters,

terwyl *c, q, x*, en *z*, as freemde letters erkend word net mar in freemde woorde. Ni alleen selfstandig mar ook duideliker is dit as hulle fer *byvoegelike naamwoorde* in di plaas stel di naam *hoedanigheids-woorde* en fer *tussenwerpsels seg uitroep-woorde*. Mar di beste voorbeeld fan 'n selfstandige en grondige behandeling is o'er di naamvalle, bl. 12.

10. By die Naamwoorde praat hulle oek nog van NAAMVALLE in die taalkunde van ander tale, wat moet lat sien in watter betrekking 'n naamwoord gebruik wort. En in die ou'e tale het hulle oek werkelik sulke Naamvalle gehad, so dat die woord in elke Naamval weselik anders verbuig wort. So's in Latyn het hulle ses Naamvalle en in elke Naamval is die laaste letters van die woord anders. Mar in die nuwe tale is die veranderde uitgange al meer en meer weggeval. Dan wort die betrekking waarin so'n woord staat angewys met voorsetsels. Mar di's gen verbuigings nie, want 'n verbuiging moet 'n buiging of verandering an die woord selwers wees. Lat ons nou 'n voorbeeld neem :—

| | | |
|------------------|----------------|-----------------------------|
| Eerste Naamval : | <i>equus</i> : | 'n perd. |
| Twede | „ | <i>equi</i> , van 'n perd. |
| Derde | „ | <i>equo</i> , an 'n perd. |
| Vierde | „ | <i>equum</i> , 'n perd. |
| Vyfde | „ | <i>eque</i> , o perd. |
| Sesde | „ | <i>equo</i> , deur 'n perd. |

Hieruit siet ons nou duidelik dat die Latynse woord *equus* in elke Naamval 'n ander uitgang het, mar ons woord *perd* blyf mar altyd *perd*; en so is dit in die mees-te nuwe tale, en daarom is dit nix as pure gekheid om van Naamvalle te praat. Die Hollanse taal het nog iets daarvan o'ergehou, so's :—

| | |
|-----------------|-----------------------------|
| Twede Naamval : | eens paards, van 'n perd. |
| Derde | „ eenen paarde, an 'n perd. |

Mar Afrikaans, Engels, Frans, ens, het glad nix gen verbuiging van die Naamvalle an die woord self o'ergehou nie. Nou gebruik die ander tale wel nog konsuins die Naamvalle en noem dit verbuiging; omdat hulle taalkunde na die Latynse gemaak is. Mar dis nix anders as 'n lege en onnodige vorm. Want hulle verbuig tog nie die Naamwoorde self nie, mar hulle set mar net die voorsetsels voor die woorde. En op die manier kan hulle wel honderd Naamvalle maak deur mar idere maal 'n ander voorsetel voor die naamwoord te set. Daarom lat ons die gekheid, om verder te praat van Naamvalle, mar gladenal staan.

Buitengewoon eenvoudig en maklik is di ferdeling fan di werkwoorde.

Ons het twe soorte van werkwoorde :

a. O'ergaande werkwoorde, waar die werking van die werker op 'n ander ding kan o'ergaan. So is *liejhê* 'n o'ergaande werkwoord, want ek kan sê : ek *het* myn vrou *lief* ; die werking *liejhê* gaat dan o'er van myn op myn vrou.

a. Nie-o'ergaande werkwoorde, waarvan die werking by die werker self bly, en nie op 'n ander ding kan o'ergaan nie. so's *sit, slaap*, ens., want 'n mens kan nie sê ; ek *sit slaap* ens., ver hom of ver haar nie.

Die O'ergaande werkwoorde kan 'n mens op twe maniere gebruik, nadat jy die werking beskou van die kant van die werker of van die kant van die lyder waarop die werking o'ergaat. Dan is dit—

a. Bedrywend (werkend) as jy dit van die kant van die werker beskou, so's : Piet slaat ver Jan.

b. Lydend, as jy dit van die kant van die lyder beskou, so's : Jan word *geslaan* van Piet.

Fan noukeurige waarneming getuig di opmerkings dat daar in di nuwe tale yntlik mar *twe wyse* fan ferfoeging bestaat ; dat di onvolmaak ferlede tyd alleen by di hulpwerkwoorde bestaat ; dat in Afrikaans mar een form fer di teenwoordige en een fer di ferlede tyd is, mar 4 fer di toekomstige tyd, ens.

Di geheel is 'n model fan korthyd en daarby folledighyd, eenvoudighyd gepaard met duidelikhed. Om in 30 bladsye 'n folledige spraakkuns te gé met foerfoeging, prosodie en alles, is gen klynighyd ni, feral waar dit di eerste in syn soort is. Di boeki is 'n folkome sukses.

Gen enkele teenstander het dit dan ook gewaag om di boeki an te fal of te weerleg ni, hoewel hulle daartoe uitgenodig was en di Genootskap 'n exemplaar na alle koerante en leeskamers in ons land gestuur het. Di enigste beoordeling wat ons daarvan gesiën het was di *Standard and Mail* fan 29 April 1876.

“Ons het 'n “Afrikaanse Spraakkuns” ontvang, uitgegê deur die Genootskap van Regte Afrikaners, wat 'n grote guns (boon) is ver alle Engelse wat met Ooms en Neefs van die land wil praat in hulle eie taal sonder ver hulle

moeg te maak met die Hollanse taalkunde. As Britte kan ons daarop roem, dat ons 'n heel party re'els van geslagte en uitgange en ander taalkundige bog weggegoi het waarme onse Duitse en Hollanse broers nog opgeskeepsit; mar die 'Afrikaans' het ons sonder te'enpraat gewen. Al die re'els (van hulle taal) is gedruk op 25 kleine en wydgedrukte bladsy'e, en dan nog 'n heel party bisonderhede omtrent Hebreuws en ander vreemde tale het hulle daarin geset wat sonder enige nadeel kan weggelaat worde. Die mooiste re'-l daarin is, dat die onderskeiding van persone in die werkwoorde glad nie eens sou angeroer wees in die taalkunde nie, omdat die in die Afrikaanse taal heeltomal onbekend is. mar omdat die mense daaran gewend is in ander spraakkunste het die skrywer dit goed gedenk om dit nie heeltomal onopgemerk te laat nie. Ons hoop dat die nuwe spraakkunste baingsal gebruik worde, nie allenig omdat dit ons die moeite uitspaar om Afri aans te leer uit Hooghollanse spraakkunste nie, mar oek omdat dit 'n heilsame invloed op die Engelse taalkunde kan uitoefen. As ons siet dat 'I am, thou art, he is.' daar vertaal wort deur 'ek is, jy is, hy is' dan is dit buiten twyfel dat Afrikaans baing eenvo'diger is as Engels, en as die verenigde State van Suid Afrika een dag nes die in Noord Amerika sal wees, dan is ons seker daarvan, dat 'n Suid Afrikaanse Webster dit sal regkry om 'I is' smakelik te maak ver ons broers in England.

DI GESKIDENIS FAN ONS LAND

was di tweede boek wat di Genootskap uitgegê het. Di werk was al deur enige frinde en voorstanders begin vóór di oprigting fan di Genootskap. Dit was egter 'n groter werk as hulle oorspronkelyk gedenk het. Meer as 'n jaar was dit in di druk. In di eerste Jaarlikse Verslag 19 Augustus word daarfan geseg:—

dis amper klaar. Hij het lank weggebly, want die Genootskap het briewe geskrywe na al die oorde van ons land, tot in Vrystaat en Transvaal, om van ooggetuige te te verneem hoe alles gebeur is. Dis die oonthoud ge-wees. Mar nou het ons agter die waarheid gekom oek. Baing duistere sake sal op die manier nou an die lig kom. Mar binnen kort sal hy klaar wees. Maar is nou al an-vrage van alle kante. Jammer dat ons, toen dit begin is, mar 500 lat druk het. Ons het toen nog nie gedenk dat die saak so'n vaart sal neem nie. Dit sal nou stellig te min wees.

En in di tweede Jaarlikse Verslag 11 Augustus 1877, lees ons al:—

Ons Geskiedenis

het gevlieg deur die land. Binnen 'n paar maande is die 500 uit die hand. Ons het nou meer aanvraag as ons kan stuur. Ons boekverkoper het nog 'n 'bietjie.' So lank as ons het sal ons stuur. Die wat wil lê moet mar nou skrywe. Dis nou jammer dat ons nie eenkeer meer lat druk het nie. Briewe van alle kante kom ons bedank ver die boek.

Follens Art. II is di doel van di Genootskap ni alleen om te staan fer hulle *Taal* ni, mar oek fer hulle *Nasie* en hulle Land. En om nasionaliteits-gevoel op te wek by 'n volk moet jy hulle bekend maak met hulle Geskiedenis. Daar-toe het di Geskiedenis gewis veul bygedra, soos ook blyk uit 'n menigte fan getuigenisse. Dis jammer dat di Genootskap nog ni 'n tweede druk kan gé ni, angevul tot op onse tyd, waarin feral di laaste belangrike gebeurtenisse goed voorgestel word. Ons sou in alle beskeidenheid di wenk wil gé om 'n enigszins verkorte volksuitgawe te gé, en daarvan 'n grote op-laag te lat druk, en goedkoop te versprei, wat feul sal doen fer di hele Afrikaanse saak. Uit di Geskiedenis sal ons liwers gen uittreksels gé ni, in di hoop dat daaraan weldra 'n goedkope uitgaaf sal ferkrygbaar wees, en dat dit op elke Afrikaner syn tafel sal lê, langesyn huisbybel, om ons kinders van jongs af bekend te maak wat hulle faders al deurgestaan en gely het hier in di land waar vreemdelinge ons nou wil vertrap.

'N AFRIKAANSE WOORDEBOEK

is tot nog toe ni ferskyn ni, en tog find ek in di Notule van di Genootskap herhaaldelik melding gemaak, dat di Foorsitter di Lede fersoek om elkeen 'n lys te maak fan *suiwer* Afrikaanse woorde, ten einde stof te kry fer 'n Woordeboek; selfs word gewag gemaak fan 'n paar

Lede wat sulke lyste ingelewer het. En tog is daar niks geworde van di Woordeboek ni, en mo'entlik is dit mar goed ook om di follende redes:

1. Dis nog ni so hoog nodig ni; 'n spraak-kuns was nodig om di taal reg te leer skrywe, mar elke Afrikaner het syn eie woordeboek in syn kop, as hy wil skrywe; en di woorde sal ni uitsterwe ni.

2. Di plan was te beperk, namelik om net *suiwer* Afrikaanse woorde op te neem; as daar so'n woordeboek uitgegê word dan moes dit alle woorde opneem, mar sonder verklaring; net 'n woordeboek fer di spelling.

3. Mar daartoe is dit ook nog ni di tyd ni; daar sou dadelik stryd ontstaan of dit moet wees *ek* of *ik*, *oek* of *ook*, *mar* of *maar*, ens.

Dit gaat nou goed. Fan alle kante en hoeke fan Suid Afrika draag skrywers in di *Patriot* woorde an om onse foorraad hoe langer hoe groter te maak; so word ons taal al ryker en ons woorde-skat al groter. En wat di spelling angaat, lat elkeen hom mar an di suiwere regel hou; "*Skryf soos jy praat!*"—dan sal di spelling ook wel al meer geregeld worde. Daar is nog baing Hollanse kantjiis wat moet afslyt voor ons 'n vaste Woordeboek fer di spelling kan uitgê wat as regel moet bly.

DI AFRIKAANSE ALMANAK

was 'n nuttige onderneming. Burgerlik so wel as kerkelik; fan heel Suid Afrika; 'n algemene Volksalmanak dus, so iits het daar nog ni bestaan ni en in di behoefte het di Genootskap op meesterlike wyse foorsiin. Di onderneming was dan ook reg foorspoedig. Di eerste jaar, 1877, is daar 1000 gedruk; in 1878 weer 2000; in 1879, nou van jaar, 3000. En nog altoos was dit ontoereikend ver di anvraag. So dat ver 1880 fooraf reeds minstens 6000 gewaarborg is. Sels onpartydige koerante, soos di *Zuid*

Afrikaan en Colesberg Advertiser het erken dat dit ver onse boerebevolking di volledigste en nuttigste Almanak is.

AFRIKAANSE GEDIGTE.

Di eerste Versameling van Afrikaanse Gedigte is seer gunstig ontfang; di uitgaaf van 1000 exemplare was binne 'n paar maande uitverkoop. Dis o. a. deur di *Transvaal* en di *Colesberg Advertiser* anbevole. Ons kan ons lesers gen beter voorstelling daarvan gé ni, as deur di Voorrede daarfan hiir o'er te neem.

VOORREDE.

Die eerste voortbrengsels in alle tale was gedigte. Soos die gees van 'n nasie ontwaak ver syn taal, dan druk die gevoel sig uit in digmaat. Die ouste geskryfte in alle tale is dan oek meestal poësie.

Net so is dit hier oek. Die eerste antwoord op die Oproeping van ons Genootskap, an alle regte Afrikaners om te staan ver hulle Moedertaal en Vaderland, was 'n stroom van gedigte, gerig an "Oom Lokomotief," die onbekende Redakteur van "*Die Afrikaanse Patriot*." Die *Patriot* was dan oek altyd voorsien van 'n ryke voorraad gedigte en lietijs; en toen ons besluit, op die dringende begeerte van so veule voorstanders deur die hele land, om 'n eerste versameling van die gedigte uit te ge, was dit nie moeilik om genoeg te kry nie, mar om uit die grote voorraad 'n keuse te doen, Al die gedigte is dan oek uit ons *Patriot* en *Almanak*, en uit die tyd van die taalbeweging. Twee uit die *Volksblad* is van 'n bietjie vroeger en daar staat dit by waaruit dit o'ergeneem is. Een is uit die *Z. A. Tydschrift*, oek in die tyd van die beweging. Verder het ons die eerste versameling nog moet inkort, omdat dit mar 'n proewe is, en die twe hoofde: *Ver Kinders en Jong Mense*, en *Godsdienstige Gedigte* het ons gelaat ver later.

Natuurlik is hierin, as versameling van gedigte deur verskillende persone, stukke van meerdere en mindere waarde. Ons is nog mar in die begin, en dus ver van die volmaaktheid. En tog kan ons nie sien waarin *Die Afrikaanse Volkslied* (bl. 1) moet agter staan ver die *Volkslied* van enige andere nasie nie. En waarom sou *Helena en Eduard* (bl 48) nie 'n plaas kan hê naas *Billades* in andere tale nie? Wat kan 'n mens meer ver wag van snaakse geestige gedigte as byv. *Moelikheid om Liedjies te maak op 'n Boere plaas* (bl. 41)? 'n Meesterlike

allegorie (verbloemde voorstelling) is 'n *Onmenselike droom* (bl. 7). Laat imand perbeer om 'n beter gedig met 'n sedelike strekking te maak as *Jan Bantjies* (bl. 70). Ware nasiocaliteit kom uit in *Ons Toekomstige Volkslied* (bl. 2), vloeibaarheid van die taal in 'n *Afrikaanse Lietjie* (bl. 21), voortreffikheid van digmaat in *Rasende Afgodery* (bl. 25) en *Die Steweltjies Van Sannie* (bl. 69). Om kort te gaan, hierin is 'n proewe om te laat sien dat onse taal geskik is ver digkunde op ider gebied.

Mog ook die klein boekie dien, om die liefde van onse landgenote ver hulle Moedertaal meer te versterk, en die us ver digkunde meer op te wek !

Dit lyk of ons Afrikaners te danig anleg en smaak het fer gedigte. Hoe nodig is ook hiirfan 'n tweede fermeerderde uitgaaf ! Mar reeds het di uitgewers 'n tweede en derde versameling angekondig fan *Godsdiinstige Gedigte* en *Kindergedigte*. En an stof sal dit ni ontbreek ni. Al weke geef di *Patriot* een of twe gedigte, en di voorraad in hande groei steeds an, follens 'n bekendmaking onlangs in di blad. Daar is dus in di opsig ook ni te klaag dat di saak te sutjiis gaat ni.

As 'n staaltji fan di gees wat di beweging onder di befolking opgewek het, geef ons uit di fersameling 'n proef.

AFRIKAANSE LIETJIE.

Oom Lokomotief !
 Jy is myn so lief.
 Hou jy tog mar styf,
 Alkom daar gekyf.
 Jy sal dit wel maak,
 Hou vas mar jou saak.
 Ek is met jou een,
 Ek seg wat ek meen.

Set Engels op sy,
 Ons taal sal jy kry.
 Werk Hollans mar uit,
 Stuur weg met die skuit !

Ja, stuur hom mar weg,
 Na Holland—dis reg,
 Ja, stuur hom na huis;
 Hier hoort hy nie tuis.

Oom Lokomotief.
 Ek het jou so lief!
 Jy praat nes 'n man,
 En daar hou ek van.
 Bid God mar om krag!
 Lat mense mar lag!
 Hou vas mar jou saak;
 Werk fluks an jou taak!
 Dit sal oek wel gaan;
 Maak oop mar die baan;
 Die wereld mag raas,
 Een dag is jy baas;
 Die wereld mag woel,
 Sit stil op jou stoel.

Oom Lckomotief!
 Seg tog asseblief:
 "O Regter! kom by,
 En staat aan ons sy,
 En gé ons ons taal,
 Tot binnen jou saal!
 O Regter, jy's baas,
 Mar wees tog nie dwaas!"

Ons taal! Gé ons taal!
 Dit het ons bepaal.
 Ja, daar blyf ons by,
 Tot ons dit verkry.
 Wees, Regter, nie sleg!
 En gé ons ons reg!
 Afrikaans wil ons hê,
 Dit het ons gesê.
 O Regter, staat op,
 En hoor ons geklop!
 Ons taal vraag ons maar,
 En dan het ons klaar."